SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

JUNIE NUUSBRIEF

05 / 2017

Emerging Miners Desk – Kamer van Mynwese:

SADPO dien ook op die sub-komitee van die Kamer van Mynwese se "Emerging Miners Forum". Daar is 'n werksgroep saamgestel en 'n "Helpdesk" is gestig by die Kamer van Mynwese. Daar is verskeie mentors wat spesialiseer in sekere velde soos regsadvies, geologie, bemarking en finansies. Die kleiner delwerye kan hul unieke probleme skriftelik rig aan die "Helpdesk". Dit word dan aan die betrokke mentor geallokeer en die mentor sal poog om raad en bystand te bied. U probleem kan skriftelik gerig word aan SADPO en ons sal verseker dat dit onder die regte persoon se aandag gebring word.

Tender Datums:

Hou asseblief in gedagte dat die NDM JHB tender se produksie in Wolmaransstad ingehandig kan word. Kontak NDM vir meer inligting. Hiermee die volgende 2 maande se tender-datums vir u gerief:

11 – 15 Junie
(NDM JHB ekstra tender)
19 – 22 Junie
17 – 20 Julie

Reis Statistieke:

Sedert Januarie 2017 het ons Nasionale Komitee altesaam 23 569 km's (dit is gemiddeld 4 714km per maand) gereis en 27 vergaderings / werkswinkels / konsul-tasies namens ons lede bygewoon. Dankie vir elke Nasionale Komitee lid se harde werk en tyd wat opgeoffer word!

Flawless Kliente:

Ons herinner alle lede wat deur Flawless Diamante hul produksie bemark om reëlings met Jeffrey Brenner te tref sodat jul 0.15% SADPO bydrae aan ons oorbetaal kan word. Dit sal jul eie admin baie makliker maak!

Dra by tot ons nuusbrief!

Ons nooi u uit om enige nuus / gebeurtenis / inligting wat u voel ons lede by sal baat, aan die Sekretaris te stuur vir moontlike publikasie in die volgende nuusbrief.

Sub – Komitees:

Ons het 3 sub-komitees wat elk spesifieke mandate het, en is ons lede welkom om enige navrae / kwessies aan die sekretaris te stuur wat dit dan onder die betrokke Sub-Komitee se aandag sal bring:

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK (Willie en Roelien Oosthuizen)
SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart
SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes) Johan Keyser (Noord Kaap), M Hunt (Noord Kaap)

ONGESLYPTE DIAMANT KURSUS AANGEBIED

Vir die eerste keer ooit hou die Diamond Education College 'n "Rough Diamond Evaluation" kursus by NDM se kantore van 3 – 7 Julie 2017. Plek is beperk tot net 8 afgevaardigdes teen R8 000.00 per persoon (dit is 'n 20% besparing op die Johannesburg kursus se kostes). Vir meer inligting hieromtrent kontak asseblief vir NDM direk.

SADPO FORUM

Op ons webwerf het ons 'n forum ("chat room") wat alle SADPO lede kan gebruik. Dit is veilig, aangesien jou toegang tot die forum gekoppel is aan jou SADPO lidmaatskap. Wanneer jou lidmaatskap voltooi is, word jou besonderhede op die webwerf gelaai en sal jy 'n epos vanaf die webwerf ontvang (dit kan moontlik in jou "spam" folder wees). Dit sal 'n skakel bevat wat jy moet volg. Daarna kan jy ook jou profiel wysig soos jy goed dink, jy kan 'n foto van jouself oplaai, en jy kan gesels met ander

NUWE HORISON VIR NDM

Nasionale Diamant Bemarking (NDM) in Wolmaransstad het 'n nuwe eienaar en bestuurder, Mevrou Leona Meyer. NDM sal ook addisionele tenders hê in Johannesburg in die Jewel City area (sien asseblief die kalender vir alle 2017 tenders by www.zatender.co.za).

"Die maatskappy het 'n lang en roemryke geskiedenis (te danke aan die onvermoeide en volledige pogings van die vorige aandeelhouers) wat ek hoop om uit te brei en te verbeter." sê sy.

lede reg oor die land oor moontlike oplossings, oulike idees, waarskuwings, ens. Indien jy enigsins probleme ervaar om op die forum in te gaan, kontak asseblief die Sekretaris.

NDM wil hul bestaande kliënte bedank vir hul onwrikbare ondersteuning en hoop om hul kliëntebasis in die toekoms uit te brei.

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Mark Hunt, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos

TENDERHUISE: CS Diamonds, NDM

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK

SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart

SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes) Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)

Webtuiste: http://sadpo.co.za/
Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

Life becomes easier When you accept the apology you Never got.